



TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

Gekaap, met 'n geweer se loop teen my nek

Hoofstuk Twee. Deel I

Ene dr. Rodney Shaw maak my toe 'n aanbod uit Hongkong in die Verre Ooste! Dit klink romanties. Ons neem die groot besluit, kom ons gaan vind uit hoe lyk dinge daar anderkant die groot waters in die eertydse Britse kolonie. Die tyd het aangebreek dat ons regtig oorsee gaan. So begin ons avontuur wat meer as 25 jaar sou duur!

Ons was nie toegelaat om met die projek se werksbakkies in die republiek te gaan rondrits nie. Ek leen toe maar die Kanadese ingenieur se splinternuwe Corolla om ons visas en vliegkaartjies in Sodom in Gomorra te gaan reël.

Al die pad Pretoria toe en terug is ons op ons hoede en motordeure word gesluit, handsakke buite sig gestoor en ons kyk wyd vir al die gevare van Suid Afrika. Ons neem tot my .38 Rossi-rewolwer saam vir ingeval ons aangeval word en bêre hom agter tussen die twee sitplekke op die vloer.

Sonder dat ons dit agterkom, was ons toe eintlik reeds buitelanders, besoekers aan ons eie land. Soseer dat toe ons ongedeerd terug is oor die grens by Fouriesburg, ontspan ons heeltemal. Ons was mos terug in Lesotho, terug naby die huis. Hier kan mens mos met oop vensters ry en die koel laatmiddag windjie laat inwaai in die kar. Ons skerts opgewonde oor ons komende avontuur na die Ooste. Die sonnetjie gooi al sulke lang skaduwees oor die pad. Die lewe is lekker.

Dan, so 'n entjie buite Leribe, merk ek die motor voor my slaan skielik brieke aan. Dis ook 'n Corolla, net soos ons een. Eers dink ek hulle swaai seker maar vir 'n hond uit, toe die kar skielik dwars draai hier voor my. Netjies tussen twee van daardie staal veiligheidsrelings weerskante van die pad.

Ons moet noodgedwonge ook stop. Nêrens is daar 'n gaping om verby te kom nie. Toe peul daar drie manne met balaklawas op uit die motor. Elkeen het 'n AK47 in die hande en hulle storm op ons af.

Annabelle reageer eerste en sy sluit haar deur en draai haar venster vinnig toe, reg voor die grypende vingers van die kêrel aan haar kant. Ek fluister vir haar om die rewolwer te gryp. Terwyl ek my venster begin opdraai, probeer ek ook om my kant te sluit. EK kry dit nie gou genoeg reg nie. Die rampokker ruk die deur oop en druk sy geweer se loop teen my nek.

Mens kan nie eintlik oorvertel en genoegsaam uitdrukking gee oor hoe jy voel en wat op daardie oomblik deur jou gedagtes maal nie. Jy weet iets afgrysliks gaan gebeur. Terminaal en finaal.

Die man aan my kant probeer om my gordel los te maak, hy is al halflyf in die motor saam met my. Die anderkantse rower kap teen Annabelle se venster en skree en beduie sy moet oopmaak. Die derde een staan voor die motor met sy geweer op ons gerig. Beelde van verkragting van my kamermaatjie flits deur my gedagtes. Die moontlikheid van die einde van ons bestaan.

Ek sien die man se vinger op die sneller van sy geweer verstyf en ek besef dat 'n koeël my enige oomblik kan deurboor. Dan merk ek uit die hoek van my oog hoe die motor voor ons begin wegtrek uit sy blokkadeposisie uit. Hy is onder die indruk sy maats het als onder beheer hier by ons. Dan besef ek ons eie motor is nog al die tyd in rat.

Op daardie oomblik besluit ek dis nou of nooit... **(Word vervolg)**

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER pos@onsdorp.com

Om die kampvuur

Ons volksliedjies

Daar kom die Alabama

Onder die klein vaartuigies wat om en by 1860 op die Bergrivier doenig was, was die kotter Alabama.

Hy het uiteenlopende vragte gedra en het Tafelbaai dikwels binnegevaar met dekriet uit die Sandveld.

Daar was ook matjiesgoed, wat sterker was as seilgare en en baie gesog onder die dekkers.

Hierdie vragte is nie net deur dekkers en mandjiemakers gebruik nie. Die Alabama het ook die rougoed vir romanse vervoer: een soort Bergrivier-riet het deel uitgemaak van die huweliksbeddens vir Maleise bruide.

So het die Maleise liedjie ontstaan: Die Alabama die kom oor die see nooi, nooi, die rietkooinooi die rietkooi is gemaak die rietkooi is vir my gemaak om daarop te slaap.



Limeriek

'n Skatryk ou boer van Dunottar raak verlief op die bloedjong Lien Lottar. Sy trou met die oom - maar hy val uit 'n boom en sý land met haar gat in die bottar.
- Onbekend

Ons dorpe



DIBENG

Dibeng is 'n nedersetting in Noord-Kaap.

Die dorp het in 1907 ontstaan toe trekboere van die suidelike Vrystaat hulle hier gevestig het.

Die naam beteken 'die eerste drinkplek' en is afgelei van die Tswanawoord Deben.

Die ekonomie is grootliks op beesboerdery gegrond.

Elke inwoner moet sy eie water voorsien; daarom is daar baie windpompe op die dorp.

Bevolking: 7800.

Rasse: Swart 62%, Bruin 30%, Wit 6,5%.

Tale: Tswana 48%, Afrikaans 46%.

Wat is husse?

Wat is 'n hus, en hoe lyk hy? Niemand is seker nie en daar is al baie hieroor geredekawel.

Wanneer iemand aanhoudend vra wat in 'n kas is, sê mense husse. En wanneer hulle wil weet wat vir ete is, sommer husse met lang ore.

Die uitdrukking het moontlik 'n Nederlandse agtergrond. Hulle het gesê "husse met je neus ertussen."

Dit was ook die antwoord op wat vir aandete is. Die Hollandse werkwoord "hutselen" of "hutsen" beteken om iets te vermeng, bv. 'n hutspot - 'n soort bredie met aartappels, wortels en uie.



Die herkoms van gesegdes(44)

Tippie: Op die tippie (net betyds)

Tip beteken in Nederlands "punt, stip, sigbare teken"; dus op die punt om iets te doen; 'n teken gee dat iets gaan gebeur.

Tjok: Tjok-en-blok wees (propvol, stampvol wees)

Aan Engels ontleen waar dit verwys na die keerblokke wat voor die wiele van geparkeerde vliegtuie ingewig word om te sorg dat hulle nie kan beweeg nie. Die mense in 'n propvol saal het ook nie beweegruimte nie.

Toon: Die toon aangee (die leiding gee)

Ontleen aan musiek: die grondtoon laat hoor wat die sang of die instrumente moet volg om in harmonie te wees.

Duskantlander in Anderkantland

Fluisters in Akkra se banksale

DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.

Na gisternag se tropiese heelnag reënbui, is die humiditeit dik om my. Die sonnetjie trek stoom uit die nat teer, waar ek voor die ATM staan en wag. "Bliep". Net een Ghananese-boorling vlak voor my besig met die ATM. Die ATM spoeg 'n kwitansie uit en die jongman voor my sê beleefd "Dankie"!

Miskien is dit die skerp oggendsonnetjie en het ek nie mooi gehoor nie. "Bleeph". Minute sleep stadig verby. Middelvinger en duim se vingerpunte in aanraking. "Lekker diep asemhaal en rustig wees" dink ek by myself. "Bliep" Nog 'n "Dankie" van die ATM-verbruiker. My ore lieg nie vir my nie.

Ghanese hou van banksale en hulle vertrou hierdie hele ATM-bedryf glad nie. Hulle hou van tydmors, dink ek.

Ek hoor hom in die gruisklippies aangeskuifel kom, lank voordat ek hom sien; so 'n krom grys bleskop omie. Reg voor die dubbel tintglasdeure van die bank sit hy sy leerhandtas neer, staan hy wydsbeen sy refleksie en bekyk. "Bliep".

Tydsaam pluk-pluk hy sy Mandela-kraaghemp se soompunte oor sy kerkbroek. Hy vroetel in broeksak vir 'n wit sakdoek en vryf 'n paar keer die blinksweet van sy bles en voorkop. "Bleeph". Met moeite buk hy vooroor en fladder 'n stoffie vanaf sy gepoetste skoene af. Dan tel hy weer sy leertassie op, trek sy krom skouertjies terug en stap kiertsregop Zennith Bank binne. "Bliep" – nog 'n kwitansie en nog 'n "Dankie" voor my.

Ai, ek sal verouder hier in die son, my geduld eensklaps opgedroog. "Is die ATM stukkend?" vra ek die enkeling voor my. "Hello, ek is Akim," groet die jongman kamma verbaas en erg vriendelik.

"Nou hoekom is jy al amper vyftien lank besig?" vra ek. Hy pak net mielietanne uit soos hy opgewonde verduidelik als is klopdisselboom. Toe hy sy kaart indruk, bied die ATM hom 'n hele reeks opsies aan. Nou oefen hy elke opsie uit wat die masjien hom bied, sodat hy kan vergelyk of die betrokke "mens in die masjien" se syfers ooreenstem met die bankstaat van die "mense binne bank". Hy wys my trots die handvol ATM-strokies in sy hand.

"Red nou 'n nasie, tydmors!" dink ek by myself.

Banksake hierso is soos veertig jaar gelede in Volkskasbank in die Republiek. Daar is geen draaiglasdeure of tydkubus drukgange waardeur jy kom en gaan nie. 'n Deurwag swaai teatraal 'n glasdeur vir jou oop en groet jou met die woorde "Jy's welkom!"

Sodra jy in 'n Akkra-banksaal instap, fluister mense soos outyd in 'n biblioteek. Dan moet jy vir 'n oomblik sit op 'n gestoffeerde stoel terwyl 'n klerk of sekuriteitspersoon naderkom en in 'n fluisterstem vra wat jy daar kom maak.

Die heelyd is dit 'n gegroetery. Almal knik, glimlag, knik en bied jou 'n slaphandskud. Die vroueklerke bied 'n knikkie van die knieë by. Dan wip hulle daar weg en bring die vorm wat jy sou benodig en saam gaan staan julle nou stadig by 'n houttoonbank in die middel van nêrens.

Die vorm word deur die klerk ingevul, stadig, netjies en noukeurig met swart ink in skoonskrif.

Jy dikteer net vir wie, rekeningnommers en adresse en someer. Nee, moet nog nie teken nie, die bankklerk moet die handtekening in persoon offisieel waarneem!

Vandaar gaat staan jy in 'n ry, vormpie in die hand. Heilige stilte. Binne enkele minute is jy voor 'n regte amptelike bankklerk.

Weer 'n vreeslike gegroetery, knik en glimlag en knieknikkie wat daarmee saamgaan. Dankie vir koeëlvaste glas, of jy kry 'n komplimentêre klapsoen.

Die klerk vra dat jy daar en dan die betrokke vormpie teken. Heilige stilte. Als baie offisieel. Na 'n paar swart ink stempels en sleutelbord gevroetel, ontvang jy die transaksiestrokies en swaai die deurwag weer swierlik die glasdeur vir jou oop.

Ek voel aangedaan, soort van adellik. Ek kom sommer weer môre, nét om my bankbalans te kom vra!

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

KAT.COM



Al die geweld is ons eie skuld. Daar is nie meer foonhokkies waarin Superman kan verkleë nie.

STADIGE TREIN

Die trein na Stellenbosch het al stadiger gery en toe gestop.

'n Pasassier het by 'n venster uitgeleun en gesien die kondukteur stap langs die trein af.

"Wat is die probleem?" skree hy.

"Daar is 'n koei op die spoor," antwoord die kondukteur.

Uiteindelik begin die trein weer beweeg, maar bitter stadig en na 'n paar minute knars hy weer tot stilstand.

Dieselfde pasassier het weer by die venster uitgeleun en die kondukteur gesien.

"Wat is nou weer fout?" vra hy. "Het ons weer met die koei opgevang?"

"Mensig, maar dis 'n pragtige motor wat jy daar het. Wat het dit gekos?"
"Wat bedoel jy hét dit gekos? Dit kos nog steeds!"

SANGLESSE

Die vrou het besluit om sanglesse te neem en oefen elke aand haar klanklere en arperggio's in die woonkamer van hul woonstel.

Haar man gaan staan elke keer op die balkon wanneer sy begin en bly daar tot sy klaar het.

Na 'n paar aande kla die vrou en vra waarom hy dit doen elke keer as sy sing.

Man: "Ek wil net seker maak die bure sien ek is nie besig om jou aan te rand nie."

GOUDVISSIE

Die blondine is baie bekommerd oor haar goudvissie en neem hom na die veearts toe.

"Ek dink hy ly aan epilepsie," sê sy.

Die veearts bekyk die goudvissie van alle kante en sê die vis lyk vir hom baie kalm.

"Wag net 'n bietjie," sê die blondine, "ek het hom nog uit die bak gehaal nie."



Anna ek drink 'n paar biere met die manne. As ek nie oor 'n halfuur tuis is nie, lees asb. weer hierdie boodskap.

TOYOTA-MAN

Gert en Jan kom gelyktydig by die dokter in Ventersdorp se spreekkamer in en gaan sit. Albei reik gelyktydig uit vir die Landbouweekblad, maar Jan het hom eerste.

Gert kyk verleë deur die ander tydskrifte en vat toe maar 'n Fair Lady en begin deurblaai.

Na 'n ruk vra Gert vir Jan:

"Wat vir 'n ding is 'n klitoris?"

Jan dink 'n bietjie en sê:

"Nee, jy vra my vas, ek is mos maar eintlik 'n Toyota-man."

BC deur Parker

KAT.COM



Ek kollekteer vir die kindershuis. Wil jy iets skenk?

O ja! Alteseker!



Jannie! Pak jou goed!

Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Die boer met die verf en die emmer en die eend en die hoenders

en die baie geslepe ou tante

'n Boer neem sy bakkie na 'n werkswinkel vir herstelwerk. Die werktuigkundige kon dit nie doen terwyl hy wag nie en die boer besluit om huis toe te loop, wat nie te ver was nie.

Op pad huis toe besoek hy 'n hardewarewinkel en koop 'n emmer en 'n vyfliterblik verf. Daarna stap hy by die pluimveewinkel in en koop 'n gans en twee hoenders. Buite gekom, besef hy dat hy nie al sy aankope sal kan dra nie.

Terwyl hy nog staan en kopkrap, nader 'n ou dame hom en vra of hy haar kan beduie hoe om by haar huis in Pienaarstraat 143 te kom aangesien sy effe verdwaal het.

Hy antwoord dat sy plaas baie naby aan die adres is en hy sal sommer met haar saamstap tot daar. Sy probleem is egter dat hy nie al sy aankope kan dra nie.

Die tannie stel voor dat hy die verf in die emmer sit, 'n hoender onder elke arm sit en die gans in die ander hand dra.

Die boer bedank haar en saam begin die twee aanstap na haar huis. Skielik sê die tante: "Jy weet, ek is 'n eensame weduwee met geen man om my te beskerm nie. Indien jy dalk besluit om my in 'n stil straatjie teen 'n muur vas te druk, my rok op te tel en met my te maak wat jy wil."

"Goeie genugtig," sê die boer. "Ek dra 'n emmer in die een hand, 'n gans in die ander en nog twee hoenders onder elke blad, hoe gaan ek dit regkry om jou teen 'n muur vas te druk?"

Tannie: "Wel, sit die gans neer, sit die emmer bo-op hom en die verf bo-op die emmer. Ek sal die hoenders vashou."

Slim tannie, ook maar mens.



Twee blondines by 'n spoedoortreding

Die blondine was besig om met haar rooi sportmotor te jaag en word deur 'n spietkop – ook 'n blondine – afgetrek.

Die blonde spietkop vra vir die blonde bestuurder se rybewys. Sy graawe toe in haar deurmekaar handsak en raak al hoe meer geagiteerd.

"Hoe lyk die ding?" vra sy raadop.

"Dis reghoekig en het jou foto op," antwoord die spietkop.

Die bestuurder kry uiteindelik 'n reghoekige spieëltjie in haar handsak, en kyk daarna terwyl die spietkop oor haar skouer loer.

"Hier is dit," sê die blonde bestuurder.

Die blonde spietkop het gekyk, en gesê:

"Oukei, jy kan maar gaan. Ek het nie geweet jy is ook 'n spietkop nie."

Die kroegman se raad was somer baie beter



Sedert kindsbeen het Marnus al die vrees dat iemand onder sy bed wegkruip. Hy besluit om 'n psigiater te besoek en vertel hom van sy fobie:

"Elke keer wanneer ek gaan slaap, is ek vreesbevange daar is iemand onder my bed. Dit is besig om my tot waansin te dryf."

"Plaas jou vertroue in my," sê die psigiater. "Kom sien my drie maal per week, vir 'n jaar lank. Ek sal jou kan help om van jou vrese ontslae te raak."

"Wat gaan dit my kos?"

"Seshonderd rand per besoek."

"Dankie, ek sal daarvoor gaan dink", antwoord Marnus.

Na sowat ses maande loop die twee mekaar weer op straat raak.

"Waarom het jy my nie toe kom sien nie?" vra die psigiater.

"Nadat ek daar by jou weg is, het ek 'n dop gaan drink en my lot bekla by die kroegman. Ons het uitgewerk dat teen seshonderd rand per besoek, dit my R153,000 sal kos!

"Die kroegman het toe aangebied om my gesond gemaak vir net R20! Dis die beste R20 wat ek nog ooit bestee het. Ek was so verheug dat ek summier vir my 'n nuwe VW Polo gekoop het met die geld wat ek gespaar het."

"Is dit so?" sê die psigiater smalend. "En hoe, as mag ek vra, het die kroegman jou genees?"

"Hy het vir my gesê om die bed se pote af te saag. Daar is nou geen manier wat iemand onder my bed kan wegkruip nie!"

Die les: Dis altyd beter om 'n tweede opinie te kry. Vergeet van psigiaters, drink 'n dop en raadpleeg die kroegman.



Wanneer dit die slag kapok . . .

'n Sexy sakevrou is vir 'n paar dae in die Sanipas Hotel in die Drakensberge vir 'n belangrike transaksie.

Die eerste aand verlei sy die opposisiemaatskappy se direkteur in sy hotelkamer.

Die volgende aand verlei sy hul prokureur agter in sy BMW M5 bo-op Sanipas.

Die volgende middag beklank sy die transaksie en vier haar sukses in die hotelkroeg, waar sy 'n jong Natalse boer met sulke wilde wit-blonde krulhare ontmoet. Hy stel homself voor as Kapok Brits.

Die volgende middag bel sy haar man.

"Hoe gaan dit daar in die berge?" vra hy.

"Ag goed, Liefie!" se sy. "Om jou eerlikwaar te se, hulle direkteur het my aanvanklik so bietjie geskroef, maar ons besit nou sy maatskappy. Die eerste ding wat ek gedoen het, was om hul prokureur in die pad te steek."

"Wonderlik!" antwoord hy. "Wanneer kom jy huis toe?"

"Eers môre"

"Hoe so?"

"Tien duim kapok gehad gisteraand en vanoggend."

Stamboom

Help ons familiesoekers

ADENDORFF heksiesebesem@gmail.com

Ek soek inligting oor die Adendorff familie Wapen en hoe dit saamgestel is asseblief.

DE KLERK beancadup@gmail.com

Ouma Baba en oupa Gert de Kerk woonagtig in Upington. Ouma baba oorlede in Januarie 2001. Kinders, ooms, tannies en broers asook almal met inligting kontak my asseblief. Ek wil so graag kontak maak met almal.

GELDENHUYS Marita@bluechipmining.co.za

Nicolaas George Antonie Geldenhuys.

JOUBERT bwana.willie@gmail.com

Ek skryf uit Kanada. Op soek na my Janse van Rensburg voorouers. My Oupa was Willem Hendrik Janse van Rensburg, en was 'n banneling op Bermuda en van die plaas Bankpan in Bethal. Hy is op 25 Oktober 1904 getroud met Alida Elizabeth Johanna Joubert, en in 1923 na Kenia getrek, waar hy jonk oorlede is. Volgens my afleiding was sy Pa se name Hendrik Nicolaas en sy ma se name Elzie Magdalena (maar ek het nie haar van nie, en wonder oor die spelling van Elzie). Sy Oupa was Lukas Willem (volgens die tradisionele naamgewing afgelei van my ooms en tannies se name). Enige inligting sal waardeer word. Ek probeer sonder sukses op die internet soek en hoop ek kry hierdeur inligting.

JOUBERT jakkiescheepers@outlook.com

Op soek na inligting oor die familie van Jan Daniël Francois Joubert. Gebore 1898 en oorlede in 1968. Hy was getroud met Gertruida Zacharia Bronkhorst. Indien iemand van hulle familie is kontak my asseblief.

NIGRINI tswanemarketing@mweb.co.za epos: tswanemarketing@mweb.co.za

Op soek na enige inligting rakende ander Nigrini's. vanaf +/- 1750 tot hede.

SCHOELER juniarust@yahoo.com

Paul Georg Schoeler, gebore in Neuenburg, Wes-Pruisse op 31 Januarie 1848. as soldaat in die Frans-Pruisiese Oorlog van 1870-1871. Daarna vertrek hy na Engeland, trou met Allison Lucy Squire. Hulle dogter, Charlotte word in 1876 gebore. Allison sterf in 1878. Paul Georg en Charlotte vertrek na Suid-Afrika. Gaan in Algoabaai aanland en vestig hulle in Senekal, Oranje Vrystaat. Kan enige Schoeler familie- lede my asseblief kontak.

VAN WYK vanpyk@telkomsa.net

Addisioneel: Wil graag Familie geskiedenis & Stambome bekom van myself: Vaderskant - Pieter Jozua van Wyk (Ventersburg - Vrystaat Provinsie)

Gebore: 27/12/1909, en Oorlede: 31/12/ 1981

Oupa(Vaderskant) - Pieter Jozua van Wyk (Ventersburg) Gebore:? oorlede ?

Ouma - Nooiensvan - Lindeque

(De Deur/Lindequesdrif - Gauteng Provinsie) Gebore: ? en oorlede?

Moederskant- Louisa Catharina Groenewald (Steynsrus - Vrystaat Provinsie)

Gebore: 22/04/1911 en Oorlede:27/05/2007

Oupa(Moederskant) - Manie Groenewald, (Steynsrus) Gebore: ? en oorlede ?

Ouma - Gertruida Johanna van Zyl (De Wetsdorp Vrystaat) Gebore: ?

Oorlede: Ongeveer 1965 – 1967.

Sal dit baie waardeer. Is daar enige koste aan verbode? Besef daar is reeds oor die jare baie navorsing oor verskeie families se geskiedenis en stambome gedoen. Wil nie onnodige tyd spandeer om weer die "wiel" uit te vind nie. Met dank.

Seun: Pieter Jozua van Wyk. Gebore: 14/07/1949. (Kroonstad - Vrystaat Provinsie)

;-': PUNKTUASIE ;-':

Die professor het die volgende woorde op die swartbord geskryf en die klas gevra om dit te punttueer:

'n vrou sonder haar man is niks.

Al die mans in die klas het geskryf:

'n Vrou, sonder haar man, is niks.

Die vroue het almal geskryf:

'n Vrou: sonder haar, is mans niks.

Vandag se les in **IRONIE**

Die kosseëlprogram word deur die Amerikaanse departement van landbou bestuur.

Die departement is baie trots dat hy op 'n jaarlikse basis kosseëls en gratis etes aan meer as 40 miljoen mense gee.

Intussen vra die Nasionale Parkeraad, bestuur deur die Amerikaanse departement van binnelandse sake ons:

"Moenie die diere voer nie."

Die rede vir hierdie beleid is:

"Die diere sal afhanklik raak van kos wat uitgedeel word en dan sal hulle nooit leer om vir hulself te sorg nie."

**DIT IS VANDAG SE LES.
ENIGE VRAE?**

Die non en die **SOLDAAT**

Die soldaat hardloop na 'n non wat hy op straat sien.

"Asseblief! Mag ek onder jou rok wegkruip, ek sal later verduidelik!"

Die non stem in. Oomblikke later kom twee militêre polisie-manne na haar toe gehardloop en vra: "Het jy 'n soldaat gesien?"

"Hy het soontoe gehardloop," antwoord die non.

Nadat hulle verdwyn het, kruip die soldaat onder die non se rok uit.

"Ek is jou ewig dankbaar, Suster. Jy sien, ek wil nie Irak toe gaan nie." En hy voeg by: "Ek wil nie ongeskik wees nie, maar jy het 'n paar mooi bene!"

Die non antwoord: "As jy bietjie hoër opgekyk het, sou jy ook gesien het ek het ook 'n slurp. Ek wil ook nie Irak toe gaan nie!"

IN WORCESTER

Ek het saam met 'n blondine in Worcester - waar die blindeskool is - gestap. By die verkeersligte is daar 'n biepgeluid wanneer die lig groen is vir voetgangers.

Sy het gevra waarvoor die biep is. Toe verduidelik ek vir haar dis vir blinde mense bedoel.

"Mag blinde mense dan hier bestuur?" wou sy weet.

**Eer jou ouers.
Hulle het matriek geslaag lank
voor daar Google was.**



**DIE ERGSTE
NAGMERRIE**

Goeie les uit die Bybel

Die tienerseun het pas sy rybewys gekry en vra sy pa wanneer hulle oor die gebruik van sy kar kan onderhandel.

Die pa sluit toe 'n ooreenkoms met hom:

"Verbeter jou punte van 'n C-gemiddeld na 'n B-gemiddelde, bestudeer jou Bybel en sny jou hare. Dan kan ons oor die kar praat."

Die knaap het bietjie daarvoor nagedink en besluit toe om die aanbod te aanvaar.

Na ses weke sê sy pa:

"Seun, jou punte is beter en ek let op dat jy baie in jou Bybel lees. Maar ek is teleurgesteld dat jou hare nog so lank is."

Hy antwoord sy pa: "Weet Pa, ek het daarvoor gedink, en in my Bybelstudies het ek opgelet dat Simson lang hare gehad het. Johannes die Doper het lang hare gehad. Moses se hare was lank, en daar is selfs sterk getuienis dat Jesus lang hare gehad het."

Waarop sy pa sê: "Ja, en het jy opgelet dat hulle oralheen geloop het?"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



“

Soos die dag aanstap en Kimberley al warmer word, word die lug al bedompiger en ruik dit na kerrie, vis, skyfies, sweet en vuil doeke.

INGESTUUR DEUR MARTHA

Toustaan was nog nooit my sterk punt nie. En skielik weet ek hoekom. Ek moes dit met my pa se nabyheid aan my swangerma gekry het, want dit kom nie van haar kant nie.

Hoeveel keer het hy ons vertel hoe hy in die oorlogsjare, toe alles skaars was en jy vir alles moes toustaan, hy eendag op 'n lang tou afgekom het en vir die wis en die onwis maar gaan inval het hopenoed dat daar wel iets soos kruidentersware aan die end daarvan verkoop sal word.

Hy sou met my ma se lysie gaan koop het. Na 'n halfuur van aanskuifel op moeë voete, want hy het treinvensters op Braamfontein gestasie gewas, 'n werkie waarvoor hy alte dankbaar was. Hy kom hy toe uiteindelik voor by die toonbank. "En hoeveel bolle wol vir u, Meneer?" vra die toonbankklerk geammuseerd. Ek is in November gebore, dus was wol nie hoog op die lys nie! Daar was glo 'n goeie gelag en geproes oor sy verleentheid.

Hieraan dink ek nou die dag toe ek by Binnelandse Sake toustaan vir 'n nuwe paspoort, want as nuut-afgetredene wil ek saam met my man rondry en 'n besoek aan Namibie is op die kaarte.

Ek en Jan was vroeg daar, juis om toue te vermy. Toe staan daar 'n tou wat glo al van sesuur die oggend begin groei het. Alle stoele is al geneem en my man, wat herstel van 'n knie-operasie en op krukke is, kry geen voorkeur nie want daar is alreeds 'n klomp oues van dae en jongelinge wat aan hul liggaamshouding aan vervroegde ouderdom ly op elke beskikbare stoel.

Hy besluit toe om maar weer 'n ander keer te kom en ek besluit om maar te bly, want ek is afgetree en dit sal nou vir my, wat nie meer aan tyd gebonde is nie, 'n goeie oefening in geduld wees.

Ons kry elkeen 'n nommer, maar aan die uitroep daarvan kan jy nie uitmaak of hulle by 1 of by 400 begin het nie. Na watter toonbank jy geroep sal word kan jy ook nie uitmaak nie, want die dametjies agter die toonbank gaan vir tee en kom nie weer na dieselfde stasies terug nie.

Jy probeer uitmaak wat jou buurman se nommer is, maar dis moeilik om jou buurman onder oog te hou want hy/sy word deur familie afgelos wanneer die nood druk of die hongerspyne knaag. Soos die dag aanstap en Kimberley al warmer word, word die lug al bedompiger en ruik dit na kerrie, vis, skyfies, sweet en vuil doeke.

So 'n gemeensaamheid maak hom oor ons meester en ons raak almal lede van 'n uitgebreide familie wat al die reënboogkleure insluit. Kimberley is nog nie so groot dat jy nie êrens 'n gemeenskaplike kennis raakloop nie. So leer ek by 'n Indiërdame dat tandepasta op 'n kerrievlek help om die kol uit te kry, en van 'n oumatjie met 'n lap om die knie dat soetolie en babapoeier gemeng soveel verligting bring. Ek kry boonop 'n lekker stampmielie-en-bone resep.

Tussen ons swetendes draf daar so teen middagete 'n jong vroujie deur geklee in 'n oranje sjiffon tweestukkies met 'n lang romp wat agter 'n gevaarlike spleet het en waarvan die toppie net 'n voorpant het wat agter op die rug met veterbandjies geknoop is.

Ek wonder nog oor die vreemde verskynsel hier tussen ons sobergeklede burgers-sonder-identiteit, toe draf sy aan die hand van 'n jong man wat lyk soos 'n beesboer of wildjagter, geklee in kortbroek en lang sokkies oor sy bultende kuite en khakihemp wat span oor sy voorarms, uit 'n kantoortjie daar agter en skree vrolik:

"We've just got married!"

Ons staan soos een man op en klap hande en die menigte wat rondstaan omdat daar nie genoeg stoele is nie, maak spontaan 'n pad oop en begelei hulle al dansende op die maat van 'n deftig.geklede dame se luide ukeleles na die voordeur.

'n Oompie in een van die rye na aan hulle lig homself halfpad op sy kiere en spreek 'n seën uit. Wat 'n plesierige affere word die kort distansie nie, en ek glo vir hulle 'n ondervinding wat hulle altyd sal bybly. Ek verneem later dat so 'n troue net R20 kos!

Ek haal 'n pakkie pepermente uit my handsak om te deel met my nuutgevonde vriendin langs my, wat ek uitvind vir 'n kennis gewerk het. Sy vertel my dat die vrou 'n mens so kan mishandel: "Sowaar mevrou, as jy daar weggaan kry jy ou klere en kos vir 'n week!" Ek sien hoe my pakkie peppermente al met die tou links van my verdwyn.

Gaandeweg is al die nommers om myne al verwerk en nader ek uiteindelik die toonbank. "Wil mevrou nie sommer ook die nuwe ID ook hê nie? Ek het nou klaar jou foto en alle besonderhede op die stelsel." Wat 'n wonderlike diens!

Ek stap uit in die namiddag se spitsverkeer en wag dat my man my kom haal, want hier is geen parkering naby nie. 'n Gesluisde vrou nader my en vra of ek nie getuie al wees by haar huwelik met 'n man wat ek herken as een van die wagtendes, ooglopend in sy kadotjie en lang wit hemp.

Ek wys na die menigte binne en vra of daar dan nie iemand is om as getuie te roep nie en sy se hulle het al oral gevra. Teësinnig stem ek toe, maar net toe stop Jan voor my en ek kan myself verskoon.

Agterna gewonder watter onheiligheid ek dalk aandadig kon wees en of ek dalk nou wat 'n jeugdige dag kon wees in 'n nagmerrie verander het.

KAMMANUUS VERSKYN WEER OP 20 APRIL 2015

Kammanuus

10 November 2014

Bladsy 9

KAMMANUUS verskyn weer op 8 DESEMBER



000
11

